

## **Die historiese ontwikkeling van die Afrikaanse aanspreekvormsisteem – van 17de-eeuse Nederlands tot 21ste-eeuse Afrikaans**

Sedert die artikels van J. du P. Scholtz in die jare 50 van die vorige eeu oor die voornaamwoorde as aanspreekvorme, is min verdere navorsing hieroor in Afrikaans gedoen.

In hierdie referaat bied ons in voëlvlug 'n historiese oorsig van die Afrikaanse aanspreekvormsisteem aan. Die soeklig val (deels diachronies, deels sinchronies) enersyds op die Nederlandse herkoms van die Afrikaanse aanspreekvormsisteem en andersyds op die eiesoortige aard van die hedendaagse Afrikaanse stelsel.

Aksentpunte in die referaat is grammatikale strukture (ten dele oorgeërf uit Nederlands) soos die tweede- en derdepersoonsvoornaamwoorde en die werkwoorde by jy en u), sydelingse aanspreekvorme (Prof, is prof klaar met ons opdragte?), die gebruik van oom /uncle en tannie / a(u)ntie, interetniese aanspreekvorme (soos byvoorbeeld baas en nooi) en gesuggereerde aanspreekvorme (Vra die oom; Gee dit vir mamma.)

By die keuse van 'n aanspreekvorm is daar 'n komplekse sisteem waar sosiolinguistiese veranderlikes (soos byvoorbeeld opvoeding, ouderdom, gender, sosiale klas, ras, streek) maar ook pragmatiese vereistes (soos hoflikheid en respek) en die styl van die gesprek (formeel / gemeensaam) 'n rol speel. Vir die sisteem in 17de- en 18de-eeuse Nederlands steun ons veral op die onlangse histories-sosiolinguistiese werk van Nobels en Simons, wat hulle ontledings baseer op die "Brieven als buit"-korpus (transkripsies van handgeskrewe briewe). Hierbenewens kyk ons na "vreemde" bronne aan die Kaap, soos byvoorbeeld Khoi, Frans en Portugees.

Ontwikkelinge in die sisteem in Kaaps-Nederlands (volgens geselekteerde historiese bronne tot ons beskikking) word aangetoon en laastens bied ons voorlopige bevindinge uit 'n lopende sinchroniese sosiolinguistiese projek oor Afrikaanse aanspreekvorme aan.